# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 179 19 Junie 2020




In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Tydsberekening en rede

Gelowiges se doen en late is veronderstel om deur ons verhouding met die Here bepaal te word. Dit maak nie saak of dit nou ons solo-optredes is, ons interaksie met familielede, of ons kontak met mense en die wêreld daar buite nie; ons lewens word begelei deur ons verstaan van die Tien Gebooie. Die meeste Christene sal met hierdie stelling saamstem; tog is die veronderstelling en die werklikheid vêr van mekaar verwyder. Ons optrede word dikwels nie deur rede (gesonde verstand en logika) onderlê nie, maar deur gevoelens en emosies.

Verskeie voorbeelde en die logiese gevolg kan hierdie stelling illustreer:

Ons wil almal ons kinders grootmaak om in diepe geloof te lewe; ons strewe daarna om ons kinders in 'n lewende verhouding met God te stel. Dit veronderstel onder andere dat ons konsekwent en regverdig ons kinders sal dissiplineer. Dit beteken dat die goeie beloon en die slegte deur verskeie meganismes ontmoedig sal word. Makliker gesê as gedaan; ons is almal swakke mense. Ons is dalk moeg, dalk in 'n slegte of goeie bui. Dalk bang om 'n heerlike ervaring te "bederf", of dalk selfs net versigtig vir wat ander mense gaan dink of sê. Ons optrede word deur verskeie faktore mede-bepaal, wat 'n eie oorloop-drempel insluit. Die gevolg is dat kinders se verkeerde optredes nie konsekwent hanteer word nie. Soms duld jy die verkeerde totdat die laaste strooi die kameel se rug breek. Somtyds is die reaksie omgekeerd gelyk aan die optrede - daar is 'n groot ontploffing vir die kleinste ou vonkie. Ons optrede word met ander woorde nie noodwendig logies en konsekwent deur beginsels en oortuigings onderlê nie, maar deur ons gemoedstoestand. Dit verwar die kinders. Gelukkig is ons vindingryke wesens en leer ons op verskillende maniere. Sodra die kind geleer het om nie na ma se woorde te luister nie (omdat sy - vanuit die kind se perspektief - dit nie altyd bedoel nie), leer die kind om deur fyn aanvoeling te let op die frekwensie of volume van die ma se stem as aanduiding van genoeg teenoor te vêr. Die straf uitgedeel in woede of ontsteltenis, lyk dan irrasioneel omdat dit in irrasionaliteit gebore is.

Die onnodige dood van George Floyd in die VSA gee aanleiding tot die volgende voorbeeld. Die man het wel 'n kriminele

rekord gehad en hy was wel bedwelm ten tye van die insident; dit maak egter nie dat die optrede van die polisieman wettig was, geregverdig of verskoon kan word nie. Die gemeenskap se reaksie op hierdie insident is verstommend. Die protesoptrede het plek gemaak vir oproer, diefstal en geweld, nie net in die VSA nie, maar dwarsoor die wêreld. Die skade (wat steeds aangerig word) beloop miljoene op miljoene dollar. Statistiek dui op 'n ander werklikheid as die een wat voorgehou word; die werklikheid wat deur die linkse media opgedis word, is eintlik niks anders nie as slagspreuke wat uitgeroep word, gebou op leuens en propaganda; maar die mense verstaan dit nie, of kan nie die waarheid raaksien nie. Die feit dat statistiek daarop dui dat vyftig miljoen polisie kontakte uitgeloop het op vyftig onnodige sterftes, word ignoreer omdat dit nie die beweging of storie wat opgedis word, dien nie. Een van die redes agter die disproporsionele reaksie kan gevind word in die heersende Covid-19 grendeltoestand. Mense is moeg van ingekluister lewe en kanaliseer hul opgekropte energie na ontevredenheid net as verskoning om uit te kan gaan. Daar is natuurlik ook ander faktore wat inspeel op die huidige ongelukkigheid, die meeste daarvan met hulle oorsprong in emosionele temas.

So gepraat van die huidige situasie:. Winkels, fabrieke en sekere essensiële sektore van die ekonomie het aanhou funksioneer. Restaurante, salonne, oorde, hotelle, kerke en sportbeoefening op verskeie vlakke het - of is in die proses van - aktiwiteite hervat. Die gevaar bestaan nou dat daar emosioneel oor die saak besluit kan word. Kom ons gebruik 'n voorbeeld waarmee ons vertroud is: Gemeentes kon weer eredienste hervat. Sommige gemeentes het die geleentheid onmiddellik aangegryp en probeer binne regulasies die situasie bestuur.

Nie al die regulasies maak sin nie. Om 'n perseel wat vyfduisend mense kan akkommodeer te beperk tot net vyftig, is lagwekkend - daar word steeds met die owerhede daaroor gekorswil. Sanitasie en sosiale afstande handhaaf maak sin, ons wil tog nie die pandemie aanhelp nie. Die argument dat dit alles of niks moet wees, is 'n emosionele argument wat jou in jou eie voet skiet. Die stemme wat opgaan dat ons vir baie lank met hierdie pandemie gaan lewe, oordryf dalk, maar kan nie ignoreer word nie. Dit is gerade om tydelik aan te pas.

Net so is die argument dat ons nie skuldig wil wees aan die pandemie versprei nie ook emosioneel manipulerend. Mense gaan werk toe, gaan doen inkopies, en doen beperk ander dinge ook. Om dan nou die belangrikste verhouding - die een met God - uit te sonder as die een om af te skeep, maak nie sin nie. Hierdie argument wil nie stel dat gelowiges nie op ander wyses in volle toewyding kan lewe nie. Dit wil net stel dat die erediens 'n belangrike aspek is van ons verhouding met die Here. Nou sit sommige gemeentes met 'n moeilike keuse: Wanneer begin ons weer met eredienste? Watter stel reëls of welke situasie gaan dien as basis vir eredienste hervat? Dit kan nie wees omdat mense dit nie meer kan hou en dan daarop aandring nie. Lukraak besluite kan maklik herroep of verander word. Om lukraak besluite te verdedig, is amper onmoontlik. Deeglike gesprek, oorweging van alle faktore, gesprekke met rolspelers en oorweging van ander veranderlikes moet ons begelei in die besluit wat ons neem. Die nuwe regulasies waartoe die hof die staat

gedwing het, gaan dalk die geleentheid skep tot beweging.
Daar word vertel van die klein seuntjie wat geweier het om sy spinasie te eet. Nie eens binnemuurse donderstorms en die dreigement "die duiwel gaan jou kom haal" kon hom oortuig om een happie te neem nie. Soos dit dan moet, breek daar daardie aand 'n geweldige donderstorm oor ou Transvaal uit. Vergete is die rusie en die frustrasie, moederhart is self bang; hoe moet Boeta voel in hierdie geblits en dreunings. Die moederhart beweeg van besorg na beangs as Boeta nie in sy kamer is nie. Die kers- verligte soektog deur die krakende huis eindig in die spens. Daar sit Boeta met lepel in die hand. Kouend aan die spinasie mompel hy; "so 'n groot geraas oor so bietjie spinasie". Tydsberekening en die rede vir optrede is van die lesse wat hier geleer kan word.

## HULP AAN VOLKSGENOTE

Volkshulp2000 en die Vlinderfonds wat albei volksgenote - ons mense - in nood help, het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog .Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454, 012-755 -8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).
Ons gee ook die bankbesonderhede.

**Vlinderfonds**
Bankrekening Standard bank.
Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)

**Volkshulp2000**:
ABSA rek no 0010176514
(Takkode 632005)

## BONDSVERGADERING EN MAKWASBYEENKOMS

15 Junie 2020
VIR AANDAG: Kerkrade en verenigings
Tydens die 2019 Bondsvergadering te Gemeente Premiermyn is die volgende besluit geneem:
GHG BONDSVERGADERING 2019
Die GHG besluit om met uitsondering van finansiële, administratiewe en dringende sake elke tweede jaar te vergader.
Die jaarlikse predikanteberaad sal teologiese studiestukke opstel vir verspreiding na ouderlingvergaderings en behandeling op die Bondsvergadering. Bywoning van die predikanteberaad word as verpligtend beskou.
In die lig hiervan is die volgende algemene reëlings vir die 2020 Bondsvergadering van belang:
ALGEMENE REËLINGS
DATUM12 September 2020
PLEK Premiermyn
REGISTRASIE 08:00 – 09:45
OPENING 10:00
AFSLUITING 13:00
KOSTES
Die kostes vir die 2020 Bondsvergadering sal aan u deurgegee word nadat die Bestuur op 10 Julie 2020 vergader het.
AFGEVAARDIGDES
Weens die aard van die vergadering word u versoek om toe te sien dat minstens 2 afgevaardigdes met mandaat die vergadering bywoon.
Alle Geloofsbriewe moet aan ds Frans Marais (frans.marais@geloofsbond.org.za) gestuur word voor of op Maandag 6 Julie 2020.

BESKRYWINGSPUNTE
Indien u enige dringende sake het wat bespreek moet word, moet u die saak op skrif stel en aan ds Frans Marais (frans.marais@geloofsbond.org.za) stuur voor of op Maandag 6 Julie 2020.

Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal. Dit val saam met die Bondsvergadering.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

# Prof Das beskeie oor Akademieprys

Deur **Marita Herselman** | **22 Mei 2020 05:43**

Hoewel prof. J.J. (Das) Steÿn (70) dankbaar is dat die Stalsprys vir stads- en streeksbeplanning Woensdag aan hom toegeken is, het hy dit nie verwag nie.



Prof. J.J. (Das) Steÿn (70)

Dié emeritusprofessor van die departement stads- en streeksbeplanning aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) is uiters beskeie oor dié prys waarmee die

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom beloon het.

"Ek sien myself nou nie as een van die groot geeste in die land wat stadsbeplanning betref nie.

"Ek dink hier is slimmer ouens in die land, maar ek is die enigste een met 'n mening. Dis die verskil."

Hy is met die prys vereer vir sy menigte publikasies in Afrikaans, sy rol in die Suid-Afrikaanse beplanningsberoep,

en sy bydrae tot die beplanningsliteratuur en akademiese ontwikkeling van stedelike en streeksbeplanning.

Steÿn het onder meer van 1980 tot 2009 by die UV doseer en was vir 20 jaar redakteur van die vaktydskrif

*Stads-en Streekbeplanning* (/ *Town and Regional Planning / Meralo ya Ditoropo le Mabatowa*). Hy het einde verlede jaar as redakteur uitgetree.

Hy is steeds vanjaar die gasredakteur en voltooi so 21 jaar in dié stoel van die tydskrif wat deesdae deur meer as 60 lande gelees word.

Steÿn sê hy het goeie leermeesters gehad.

Tegniese Universiteit Eindhoven in Nederland gedoen het.

"Dit het eintlik heeltemal die koers en rigting in my lewe verander."